LA ROCHELLE GEMEENTE

Posbus 4001, Old Oak, 7537
Telefoon: 021 919 9253
E-pos: register@larochelle.org.za
Web: www.nglarochelle.co.za

BELANGRIKE COVID-19 KENNISGEWING (11)

Die nuutste maatreëls (27 Junie 2021 – Aangepaste vlak 4) ten opsigte van die Covid-19 pandemie bring die volgende mee met betrekking tot ons gemeente se funksionering:

- **Eredienste (oggend en aand):** Geen in-persoon eredienste vind plaas nie.
- **Direkte uitsendings:** Oggenderedienste word via La Rochelle se YouTube kanaal om 09:00 direk uitgesaai (*stream*) en opgeneem.
- **Begrafnisdienste:** Gaan soos normaal voort met ’n maksimum van 50 persone wat ‘n diens kan bywoon.
- **Kategese en Jeugaktiwiteite:** Geen byeenkomste tydens die skoolvakansie nie. Hou die sosiale media en Whatsapp-groepe vir meer inligting dop.
- **Kerkkantoor:** Die kerkkantoor is gesluit vir die volgende twee weke. Die personeel werk van die huis af en het toegang tot e-pos. E-pos alle navrae na nglarochelle@gmail.com
- **Posbus:** Noodsaaklike kommunikasie en dankoffers kan in die posbus by die ingang by die kerkkantoor geplaas word.
- **Navrae:** Die gemeentebestuurder (083 222 6019) is beskikbaar vir enige navrae.
- **Pastorale sorg**: Indien u pastorale ondersteuning nodig het, kontak enige van die predikante wat u, hetsy telefonies, via sosiale media platforms soos Whatsapp of in ‘n fisiese ruimte indien u daarmee gemaklik is, behulpsaam sal wees.
- **Hou gerus die gemeente se sosiale media platforms vir deurlopende kommunikasie dop.**

Baie dankie vir u begrip in hierdie verband!

Wees veilig en verantwoordelik – dit is ons Christelike plig!